

KNYSNA MUNICIPALITY:

FENCES AND FENCING BY-LAWS

In terms of the provisions of section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 the Knysna Municipality, enacts as follows:—

TABLE OF CONTENTS

1. Interpretation
2. Principles and objectives
3. Application
4. Fences
5. Penalties
6. Notice of compliance and representations
7. Costs
8. Demolition order
9. Authentication and service of notices and other documents
10. Appeal
11. Implementation and enforcement
12. Exemptions
13. Liaison forums in community
14. Revocation of by-laws
15. Short title and commencement

KNYSNA MUNISIPALITEIT:

VERORDENING INSAKE HEININGS EN OMHEININGS

Ingevolge die bepalings van Artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 verorden die Knysna munisipaliteit soos volg:—

INHOUDSOPGAWE

1. Woordomskrywing
2. Beginsels en doelstellings
3. Toepassing
4. Heinings
5. Boetes
6. Kennisgewing van nakoming en vertoë
7. Koste
8. Slopingsbevel
9. Waarmerking en betekening van kennisgewings en ander dokumente
10. Appèl
11. Implementering en afdwinging
12. Vrystellings
13. Skakelforums in gemeenskap
14. Herroeping van verordeninge
15. Kort titel en inwerkingtreding

Schedule

1. Interpretation

In this by-law, unless the context otherwise indicates—

“alter” includes to cause, allow or permit to be altered;

“boundary” means the real or notional line marking the limits of premises;

“agent”, in relation to the owner of a property, means a person appointed by the owner of the property—

- (a) to receive rental or other payments in respect of the property on behalf of the owner; or
- (b) to make payments in respect of the property on behalf of the owner;

“erect” includes to cause, allow or permit to be erected;

“fence” means any fence, together with any gate or any contrivance forming part or serving the purpose of such a gate, erected as a boundary between any erven, lots or stands within the municipal area, and includes a fence which is not erected on a boundary, such as a garden fence or a free-standing wall on an erf, lot or stand;

“ground level” means the natural level of the ground, except where such level has been disturbed, in which case the street level is to be regarded as the ground level;

“municipality” means the Municipality of Knysna established in terms of Section 12 of the Municipal Structures Act, 117 of 1998, Provincial Notice 484 dated 22 September 2000, and includes any political structure, political office bearer, councillor, duly authorised agent or any employee acting in connection with this by-law by virtue of a power vested in the municipality and delegated or sub-delegated to such political structure, political office bearer, councillor, agent or employee;

“public land” means land the ownership of which is vested in an organ of state;

“repair” has the meaning assigned to it in the Fencing Act, 1963 (Act 31 of 1963).

2. Principles and objectives

The Municipality, aware of its duty to provide a safe and healthy environment, in this by-law regulate fencing with the aim of safeguarding its residents and visitors to the area.

3. Application

- (1) Subject to the provisions of the Fencing Act, 1963 (Act 31 of 1963), the provisions in this by-law relating to an electrical fence, barbed wire and razor wire do not apply to land zoned for agricultural purposes, except where such electrical fence, barbed wire or razor wire is erected on the boundary between the agricultural land and public land.
- (2) The provisions of this by-law apply only insofar as it is not in conflict with existing Zoning Scheme Regulations of the Knysna Municipality or any of its legal predecessors.

4. Fences

- (1) No person may, without the prior written consent of the municipality and subject to any conditions it may impose—
 - (a) erect a fence on lateral or rear boundaries of premises which is more than 1,8 metres in height from ground level;

Skedule

1. Woordomskrywing

In hierdie verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde die volgende betekenisse—

“agent”, ten opsigte van die eienaar van ’n eiendom, beteken ’n persoon wat deur die eienaar van die eiendom aangestel is—

- (a) om huurgeld of ander betalings ten opsigte van die eiendom namens die eienaar te ontvang; of
- (b) om namens die eienaar betalings ten opsigte van die eiendom te doen;

“grens” beteken die werklike of denkbeeldige lyn wat die uiteindes van persele aandui;

“grondvlak” beteken die natuurlike vlak van die grond, behalwe waar sodanige vlak versteur is, in welke geval die straatvlak as die grondvlak beskou moet word;

“heining” beteken enige heining, asook enige hek of enige struktuur wat deel uitmaak of die doel van sodanige hek dien, wat opgerig word as ’n grens tussen enige erwe, persele of stukke grond binne die munisipale gebied en sluit in ’n heining wat nie op ’n grens opgerig word nie, soos ’n tuinheining of ’n losstaande muur op ’n erf, stuk grond of perseel;

“herstel” dra die betekenis wat ingevolge die Wet op Heinings, 1963 (Wet 31 van 1963) daarin toegeskryf word;

“munisipaliteit” beteken die Knysna munisipaliteit wat ingevolge Artikel 12 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998, Provinsiale Kennisgewing 484 gedateer 22 September 2000, daargestel is en sluit alle politieke strukture, politieke ampsdraers, raadslede, behoorlik gemagtigde agente of alle werknemers in wat ingevolge hierdie verordening optree uit hoofde van ’n bevoegdheid wat by die munisipaliteit berus en aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, agent of werknemer gedelegeer of gesubdelegeer is;

“openbare grond” beteken grond waarvan die eienaarskap by ’n regeringsinstansie berus;

“oprig” sluit in om te veroorsaak, toe te laat of toe te stem dat iets opgerig word;

“wysig” beteken om te veroorsaak, toe te laat of toe te stem dat iets gewysig word;

2. Beginsels en doelstellings

Die munisipaliteit is bewus van sy plig om ’n veilige en gesonde omgewing te voorsien en reguleer gevolglik in hierdie verordening omheining met die doel om inwoners en besoekers aan die gebied te beveilig.

3. Toepassing

- (1) Onderworpe aan die bepalings van die Wet op Heinings, 1963 (Wet 31 van 1963) is die bepalings van hierdie verordening ten aansien van elektriese heinings, doringdraad en skeermeslemdraad nie van toepassing op grond wat vir landboudoeleindes gesoneer is nie, behalwe indien sodanige elektriese heining, doringdraad- of skeermeslemdraad op die grens tussen die landbougrond en openbare grond opgerig is.
- (2) Die bepalings van hierdie verordening is van toepassing net insoverre dit nie in stryd is met die bestaande Soneringskemaregulasies van die Knysna Munisipaliteit of enigeen van sy regsvoorgangers nie.

4. Heinings

- (1) Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderworpe aan enige voorwaardes wat die munisipaliteit mag instel—
 - (a) ’n heining wat hoër is as 1,8 meter bo die grondvlak, op ’n sy- of agtergrens van ’n perseel oprig nie;

- (b) erect a fence within 4,5 metres of a street boundary which is more than 1,2 metres in height from ground level, provided that a fence not exceeding 1,8 metres may be erected for a distance not exceeding 10 metres where such fence screens a swimming pool or a yard area where it will not interfere with sight lines of vehicles entering or leaving the property, or passing traffic;
- (c) on a boundary of premises alter or make an addition to an existing fence which is more than 1,8 metres in height from ground level;
- (d) erect or may have on a boundary, an electrified fence, electrified railing or other electrified barrier, unless it—
- (i) is erected on top of a wall which may not be less than 1,8 metres high and built of brick, cement, concrete or similar material; and
- (ii) it complies with the Electrical Machinery Regulations, as published in Government Notice R1593, dated 12 August, 1988; and
- (e) subject to subsection (8), erect on a boundary of premises a barbed-wire fence, railing, paling, wall or other barrier with spikes or other sharp or pointed protrusions.
- (2) A person who wishes to obtain the consent of the municipality must submit an application form similar to the form contained in the Schedule A to the municipality, and the municipality may refuse or grant consent.
- (3) Should the municipality refuse permission, it must supply the applicant in writing with the reasons for the refusal.
- (4) Should the municipality grant consent, it may impose conditions, requirements or specifications according to each individual case, and subject to the provisions of SANS Code No. 1372 relating to Prefabricated Concrete Components for Fences, and the consent must be entered in Item C of the form referred to in subsection (2), and a person who has obtained consent, must at the request of an authorised official, immediately produce the form.
- (5) A person who has obtained consent in terms of subsection (4) must ensure that the fence is maintained in a good condition.
- (6) No person may—
- (a) without the prior written consent of the municipality demolish, interfere with or damage a fence for which consent has been granted in terms of subsection (4);
- (b) climb over or crawl through a fence without the permission of the owner or occupier of the land;
- (c) erect a fence covered with—
- (i) canvas, reeds, grass or any combustible material, except poles or split poles, or approved wood, which may not be erected within 4,5 m of any street and which may not exceed 1,8 m in height; or
- (ii) sheet iron, corrugated galvanised iron or any other sheeting along or within 4,5 m of any street;
- (d) allow a fence to fall into disrepair; and
- (e) affix to or allow to be affixed to a fence any posters, placards or similar notices, or draw or apply anything
- (b) 'n heining wat hoër as 1,2 meter vanaf die grondvlak is binne 4,5 meter van 'n straatgrens oprig nie, met dien verstande dat 'n heining van nie hoër as 1,8 meter nie oor 'n afstand van hoogstens 10 meter opgerig mag word waar sodanige heining 'n swembad of 'n werfgebied afskerm en nie siglyne van voertuie wat die eiendom binnegaan of verlaat of verbygaande verkeer sal raak nie;
- (c) 'n bestaande heining wat hoër as 1,8 meter vanaf die grondvlak op 'n grens of perseel is, wysig of daaraan aanbou nie;
- (d) 'n heining, geëlektrifiseerde heining, geëlektrifiseerde reling of ander geëlektrifiseerde versperring oprig of op 'n grens hê nie, tensy—
- (i) dit opgerig is bo-op 'n muur wat nie minder as 1,8 m hoog is en van baksteen, sement, beton of soortgelyke materiaal gebou is nie; en
- (ii) dit voldoen aan die Regulasies insake Elektriese Masjinerie, soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing R1593, gedateer 12 Augustus 1988; en
- (e) onderhewig aan subartikel (8), 'n doringdraadheining, reling, paalheining, muur of ander versperring met lang spykers of ander sterk of gepunte uitsteekstels op die grens van 'n perseel oprig nie.
- (2) Enigiemand wat die toestemming van die munisipaliteit wil verkry, moet 'n aansoekvorm aan die munisipaliteit voorlê soortgelyk aan 'n aansoekvorm vervat in Bylae A, en die munisipaliteit kan toestemming verleen of weier.
- (3) Indien die munisipaliteit toestemming weier, moet dit die aansoeker skriftelik voorsien van die redes vir die weiering.
- (4) Indien die munisipaliteit toestemming verleen, mag die munisipaliteit voorwaardes, vereistes of spesifikasies na gelang van elke afsonderlike geval voorskryf, en onderworpe aan die bepalings van SANS Kode Nr. 1372 insake Voorafvervaardigde Betonkomponente vir Heinings, en die toestemming moet aangeteken word op Item C van die vorm gemeld in subartikel (2), en 'n persoon wat toestemming verkry het, moet op versoek van 'n gemagtigde beampte onmiddellik die vorm toon.
- (5) 'n Persoon wat toestemming ingevolge subartikel (4) verkry het, moet verseker dat die heining in 'n goeie toestand onderhou word.
- (6) Niemand mag—
- (a) sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit 'n heining waarvoor toestemming ingevolge subartikel (4) verleen is, afbreek, dit verander of beskadig nie;
- (b) sonder die toestemming van die eienaar of okkuperder van die grond oor 'n heining klim of daardeur kruip nie;
- (c) 'n heining oprig bedek met—
- (i) seil, riet, gras of ander vlambare materiaal, afgesien van pale of splitpale of goedgekeurde hout, wat nie binne 4,5 meter van enige straat opgerig mag word en wat nie hoër as 1,8 meter mag wees nie; of
- (ii) ysterplaat, geroeste gegalvaniseerde yster of enige ander metaalplaat langs of binne 4,5 meter van enige straat nie;
- (d) toelaat dat enige heining in 'n swak toestand verval nie; en
- (e) enige plakkate of soortgelyke kennisgewings op 'n heining oprig of toelaat dat dit daarop opgerig word of

on a fence unless it is done so in terms of the Outdoor Advertising and Signage By-law.

- (7) The municipality may, whenever it appears that, in the interests of safety—
- a fence needs to be erected or repaired, instruct the owner or occupier on whose premises such fence needs to be erected or repaired, to undertake such steps as stipulated in the instruction; or
 - the height of a wall, hedge or fence at a street corner needs to be reduced, by order in writing instruct the owner or occupier property to reduce the height of such wall, hedge or fence to a height specified in such order.
- (8) In the instance where barbed-wire or other barrier with spikes or other sharp or pointed protrusions are erected on a wall of 1,8 metres in height from ground level on an erf outside the defined urban Conservation Area or on an erf not zoned for residential purposes, the consent of the municipality is not required, provided that such barbed-wire, barrier with spikes or other sharp or pointed protrusions does not increase the height of the fence to more than 2,1 metres, and the protrusion is not unsightly and is maintained in a good state of repair.
- (9) A person commits an offence if he or she contravenes a provision of subsection (6) or fails to produce a form at the request of an authorised official as contemplated in subsection (4).
- (10) Should a person fail to comply with a provision of subsection (1), with a condition, requirement or specification contemplated in subsection (4), or subsection (5) or an instruction issued in terms of subsection (7), the municipality may serve a notice of compliance or a demolition order on the person.

5. Penalties

A person who has committed an offence in terms of this by-law is, on conviction liable to a fine or in default of payment, to imprisonment, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment, and in the case of a continuing offence, to a fine for every day such offence continues, or in default of payment thereof, to imprisonment.

6. Notice of compliance and representations

- (1) The notice of compliance must state—
- the name and residential or postal address of the affected person;
 - the requirement which has not been complied with;
 - detailed measures required to remedy the situation;
 - that the person must within a specified period take the measures to comply with the notice and to complete the measures before a specified date; and
 - the right to appeal as contained in section 10.
- (2) Where a person does appeal and fails to take the measures before the date contemplated in subsection (1)(d), he or she commits an offence, and the municipality may, irrespective of any penalty which may be imposed under section 5, act in terms of subsection (3).
- (3) The municipality may take such measures as it deems necessary to remedy the situation, including the demolition of the fence, and the cost thereof must be paid to the municipality in accordance with section 7.

enigiets op 'n heining teken of aanwend behalwe indien dit ingevolge die Verordening insake Buitereklaam en Advertensietekens gedoen is nie.

- (7) Die munisipaliteit mag, waar dit blyk dat, in die belang van veiligheid—
- 'n heining opgerig of herstel moet word, die eienaar of okkupeerder op wie se perseel sodanige heining opgerig of herstel moet word, opdrag gee om sodanige stappe te doen soos voorgeskryf in die opdrag; of
 - die hoogte van 'n muur, heining of laning op 'n straathoek verminder moet word, die eienaar of okkupeerder van die eiendom skriftelik gelas om die hoogte van sodanige muur, laning of heining te verminder tot 'n hoogte wat in sodanige bevel gespesifiseer word.
- (8) In die geval waar doringdraad of 'n ander versperring met lang spykers of ander skerp of gepunte uitsteeksels opgerig word op 'n muur wat 1,8 meter hoog is vanaf die grondvlak op 'n erf buite die omskrewe stedelike bewaringsgebied of op 'n erf wat nie vir woondoeleindes gesoneer is nie, word die toestemming van die munisipaliteit nie vereis nie, met dien verstande dat sodanige doringdraadheining, versperring met lang spykers of ander skerp of gepunte uitsteeksels nie die hoogte van die heining tot meer as 2,1 meter vermeerder nie en die uitsteeksel nie onaantreklik is nie en in 'n goeie toestand gehou word.
- (9) Iemand pleeg 'n misdryf indien hy of sy 'n bepaling van subartikel (6) oortree of versuim om 'n vorm op die versoek van 'n gemagtigde beampte, soos beoog in subartikel (4), te toon.
- (10) Indien iemand versuim om te voldoen aan 'n bepaling van subartikel (1) met 'n voorwaarde, vereiste of spesifikasie beoog in subartikel (4) of subartikel (5) of 'n instruksie wat ingevolge subartikel (7) uitgereik is, mag die munisipaliteit 'n kennisgewing van nakoming of 'n slopingsbevel aan die persoon beteken.

5. Boetes

Iemand wat 'n misdryf ingevolge hierdie verordening pleeg is by skuldigebevinding aanspreeklik vir die betaling van 'n boete of, indien hy of sy versuim om dit te betaal, gevangenisstraf of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf en in die geval van 'n voortdurende misdryf, is hy of sy aanspreeklik vir 'n boete vir elke dag waarop die misdryf voortduur, en ingeval hy of sy versuim om die boete te betaal, gevangenisstraf.

6. Kennisgewing van nakoming en vertoë

- (1) Die kennisgewing van nakoming moet die volgende verstrek—
- die naam en woon- of posadres van die betrokke persoon;
 - die vereiste waaraan nie voldoen is nie;
 - uitvoerige maatreëls wat vereis word om die situasie reg te stel;
 - dat die persoon die maatreëls binne 'n voorgeskrewe tydperk moet tref ten einde die kennisgewing na te kom en die maatreëls voor 'n gespesifiseerde datum voltooi; en
 - die reg om appèl aan te teken, soos vervat in Artikel 10.
- (2) Waar 'n persoon wel appèl aanteken en versuim om die maatreëls te tref voor die datum beoog in subartikel (1)(d), pleeg hy of sy 'n misdryf en mag die munisipaliteit dienooreenkomstig optree ingevolge subartikel (3), ongeag enige boete wat ingevolge artikel 5 opgelê word.
- (3) Die munisipaliteit mag sodanige maatreëls tref as wat hy nodig ag om die situasie reg te stel, met inbegrip van die sloping van die heining, en die koste verbode daaraan moet ooreenkomstig artikel 7 aan die munisipaliteit betaal word.

7. Costs

- (1) Should a person fail to take the measures required of him or her by a notice of compliance, the municipality may, subject to subsection (3) recover, as a debt, all costs incurred as a result of it remedying the situation from that person and any or all of the following persons:
 - (a) the owner of the land, building or premises; or
 - (b) the person or occupier in control of the land, building or premises or any person who has or had a right to use the land at the time when the situation came about.
- (2) The costs recovered must be reasonable and may include, without being limited to, costs relating to labour, water, equipment, administrative and overhead costs incurred by the municipality under section 6(3).
- (3) If more than one person is liable for costs incurred, the liability must be apportioned as agreed among the persons concerned according to the degree to which each was responsible for the emergency resulting from their respective failures to take the required measures.

8. Demolition order

- (1) A person on whom a demolition order has been served must demolish the fence and remove the materials.
- (2) Should the municipality demolish a fence, it may remove the materials and dispose of the whole or any part of the materials by public auction or public tender.
- (3) The municipality may deduct from the proceeds of any materials disposed of the costs of any pulling down, removal or demolition and the costs incurred of disposal and will thereafter pay any balance to the owner of the fence removed or demolished.
- (4) Should the proceeds of an auction or sale in terms of subsection (2) be insufficient to cover the costs of any pulling down, removal, demolition or disposal, the municipality may, subject to section 7(3), recover from that person, as a debt, the outstanding balance of the costs incurred.

9. Authentication and service of notices and other documents

- (1) An order, notice or other document requiring authentication by the Municipality must be sufficiently signed.
- (2) Any notice or other document that is served on a person in terms of this by-law, is regarded as having been served when it is served in accordance with section 115(1) of the Local Government: Municipal Systems Act, Act 32 of 2000.
- (3) Service of a copy shall be deemed to be service of the original.
- (4) Any legal process is effectively and sufficiently served on the municipality when it is delivered to the municipal manager or a person in attendance at the municipal manager's office.

10. Appeal

A person whose rights are affected by a decision delegated by the municipality may appeal against that decision by giving written notice of the appeal and the reasons therefore in terms of section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act, Act 32 of 2000 to the municipal manager within 21 days of the date of the notification of the decision.

7. Koste

- (1) Indien 'n persoon versuim om die maatreëls te tref wat deur middel van 'n kennisgewing van nakoming van hom of haar vereis word, mag die munisipaliteit, onderhewig aan subartikel (3), alle koste wat aangegaan is vir die regstel van die situasie as skuld verhaal van die betrokke persoon en enigeen of al die volgende persone:
 - (a) die eienaar van die grond, gebou of perseel; of
 - (b) die persoon of okkupeerder in beheer van die grond, gebou of perseel of enige persoon wat die reg het om die grond te gebruik of die reg daartoe gehad het op die tydstip toe die situasie ontstaan het.
- (2) Die koste wat verhaal word, moet redelik wees en kan die volgende insluit, maar is nie daartoe beperk nie: koste verbonde aan arbeid, water, toerusting, administratiewe en oorhoofse koste wat die munisipaliteit ingevolge artikel 6(3) aangegaan het.
- (3) Indien meer as een persoon aanspreeklik is vir die koste wat aangegaan is, moet die aanspreeklikheid onder die betrokke persone verdeel word, soos ooreengekom na gelang van die mate waarin elkeen vir die noodgeval verantwoordelik was uit hoofde van hul onderskeie versuim om die vereiste maatreëls te tref.

8. Slopingsbevel

- (1) 'n Persoon aan wie 'n slopingsbevel beteken is, moet die heining sloop en die materiaal verwyder.
- (2) Indien die munisipaliteit 'n heining sloop, mag dit die materiaal verwyder en met al die materiaal of 'n deel daarvan wegdoen by wyse van openbare veiling of openbare tender.
- (3) Die munisipaliteit mag die koste van enige afbreek, verwydering of sloping en die koste verbonde aan wegdoening aftrek van die opbrengs verkry uit enige wegdoening met materiaal en sal daarna die oorblywende bedrag betaal aan die eienaar van die heining wat verwyder of gesloop is.
- (4) Indien die opbrengs uit 'n veiling of verkooptransaksie ingevolge subartikel (2) nie genoeg is om die koste te dek van enige afbreking, verwydering, sloping of wegdoening nie, mag die munisipaliteit, onderhewig aan Artikel 7(3), die uitstaande bedrag van die koste wat aangegaan is, as 'n skuld van die betrokke persoon verhaal.

9. Waarmerking en betekening van kennisgewings en ander dokumente

- (1) 'n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat waarmerking deur die munisipaliteit vereis, moet behoorlik onderteken wees.
- (2) Enige kennisgewing of ander dokument wat ingevolge hierdie verordening aan 'n persoon beteken word, word beskou as beteken te wees wanneer dit ooreenkomstig Artikel 115(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, beteken is.
- (3) Die betekening van 'n afskrif word geag die betekening van die oorspronklike te wees.
- (4) Enige geregtelike proses is doeltreffend en toereikend aan die munisipaliteit beteken wanneer dit aan die Munisipale Bestuurder of 'n persoon by die Munisipale Bestuurder se kantoor afgelewer word.

10. Appèl

Iemand wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur die munisipaliteit gedelegeer is, mag ingevolge Artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 teen die besluit appèl aanteken by wyse van skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor aan die Munisipale Bestuurder binne 21 dae van die datum van kennisgewing van die besluit.

11. Implementation and enforcement

- (1) The municipality may appoint an official to administer the implementation and enforcement of this by-law.
- (2) A person commits an offence if he or she—
 - (a) hinders or interferes with an official in the execution of his or her official duties;
 - (b) falsely professes to be an official;
 - (c) furnishes false or misleading information when complying with a request of an official; or
 - (d) fails to comply with a request of an official.

12. Exemptions

- (1) Any person may in writing apply to the municipality for exemption from any provision of this by-law.
- (2) The municipality may—
 - (a) grant an exemption in writing and set and determine the period for which such exemption is granted;
 - (b) alter or cancel any exemption or condition in an exemption; or
 - (c) refuse to grant an exemption.
- (3) An exemption does not take effect before the applicant has undertaken in writing to comply with the conditions imposed by the municipality, however, if an activity is commenced before such undertaking has been submitted to the municipality, the exemption lapses.
- (4) If any condition of an exemption is not complied with, the exemption lapses immediately.

13. Liaison forums in community

- (1) The municipality may establish one or more liaison forums in a community for the purposes of obtaining community participation with regard to the matters dealt with in this by-law.
- (2) A liaison forum may consist of—
 - (a) a member of members of an interest group, or an affected person;
 - (b) a designated official or officials of the municipality; and
 - (c) a councillor.
- (3) (a) The municipality may, when considering an application for consent, permit or exemption in terms of this by-law, request the input of a liaison forum.
- (b) A liaison forum or any person may on own initiative submit an input to the municipality for consideration.

14. Revocation of by-laws

The provisions of any by-laws previously promulgated by the municipality or by any of the disestablished municipalities now incorporated in the municipality, are hereby repealed as far as they relate to matters provided for in this by-law, and insofar as it has been made applicable to the municipality by the authorisation for the execution of powers and functions in terms of section 84(3) of the Local Government: Municipal Structures Act, Act 117 of 1998.

11. Implementering en afdwinging

- (1) Die munisipaliteit kan 'n beampte aanstel om beheer te neem van die implementering en afdwinging van hierdie verordening.
- (2) 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien hy of sy—
 - (a) 'n beampte verhinder om sy of haar amptelike pligte uit te voer, of daarmee imeng;
 - (b) valslik beweer dat hy of sy 'n beampte is;
 - (c) valse of misleidende inligting verstrekk wanneer hy of sy aan 'n versoek van 'n beampte voldoen; of
 - (d) versuim om aan 'n versoek van 'n beampte te voldoen.

12. Vrystellings

- (1) Enigiemand mag skriftelik by die munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van enige bepaling van hierdie verordening.
- (2) Die munisipaliteit mag—
 - (a) skriftelik vrystelling verleen en die tydperk waarvoor sodanige vrystelling verleen word, bepaal en vasstel;
 - (b) enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling wysig of kanselleer; of
 - (c) weier om vrystelling toe te staan.
- (3) 'n Vrystelling tree nie in werking voordat die aansoeker skriftelik onderneem het om te voldoen aan die voorwaardes wat deur die munisipaliteit opgelê word nie; Met dien verstande verder dat indien die aansoeker met die betrokke aktiwiteit begin voordat sodanige onderneming aan die munisipaliteit voorgelê is die vrystelling verval.
- (4) Indien daar nie aan 'n voorwaarde van 'n vrystelling voldoen is nie, verval die vrystelling onmiddellik.

13. Skakelforums in gemeenskap

- (1) Die munisipaliteit mag een of meer skakelforums in 'n gemeenskap stig vir die doel om gemeenskapsdeelname te verkry in die aangeleenthede wat in hierdie verordening behandel word.
- (2) 'n Skakelforum kan uit die volgende bestaan—
 - (a) 'n lid of lede van 'n belangegroep, of 'n persoon wat geraak word;
 - (b) 'n aangewese beampte of beamptes van 'n munisipaliteit; en
 - (c) 'n raadslid.
- (3) (a) Die munisipaliteit mag, wanneer 'n aansoek om toestemming, 'n permit of vrystelling ingevolge hierdie verordening oorweeg word, om die inset van 'n skakelforum vra.
- (b) 'n Skakelforum of enige persoon mag op sy of haar eie inisiatief 'n inset aan die munisipaliteit lewer vir laasgenoemde se oorweging.

14. Herroeping van verordeninge

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die munisipaliteit of by enigeen van die ontbinde munisipaliteite wat nou in die munisipaliteit geïnkorporeer is, afgekondig is, word hiermee herroep insoverre hulle betrekking het op sake waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak word en insoverre dit op die munisipaliteit van toepassing gemaak is deur die magtiging vir die uitvoering van magte en funksies ingevolge Artikel 84(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998.

Name of inspector:

.....

Official designation:

.....

29 February 2008.

45538

Naam van inspekteur:

.....

Ampstittel:

.....

29 Februarie 2008.

45538